Op pad vir Christus – www.ngkraggakamma.co.za

Die Kersfeespartytjie

Wouter: Kom Stoffel, kom! Ons sit sommer hier.

Stoffel: Ja, dis `n lekker plek dan kan die maats ons sommer help dink. Hallo maatjies

Wouter: Hallo maatjies. Goed Stoffel kom ons dink, wat het ons alles nodig vir ons groot Kerspartytjie.

Stoffel: Haai Wouter, miskien moet ons vir die maats vertel wat ons doen. Ek dink hulle sal daarvan hou.

Wouter: Ja, dis `n goeie idee. Maats, dis mos een van die dae Kersfees en ek en Stoffel beplan `n reuse kerspartytjie.

Stoffel: Ja `n *moeviese* reuse partytjie. Wouter, jy moet neerskryf wat ons alles nodig het.

Wouter: Goed. Heel eerste moet ons `n kersboom hê.

Stoffel: Ja `n reuse groot kersboom. So hoog soos die saal se dak.

Wouter: Ja, en dan moet ons *persente* hê.

Stoffel: Ja vreeslik baie groot reuse *persente,* met groot strikke en *fancy pampier.*

Wouter: Ja, net grotes en duures. Niks sokkies, waslappe, en sakdoeke nie.

Stoffel: En *okie douedrant* wat spuit nie.

Wouter: *Douedrant*?

Stoffel: Wat mens aanspuit *onner* mens se arm om soos meisies te ruik.

Wouter: O jy bedoel *deodorant*.

Stoffel: Net so. Niks *douedrant persente* nie. Net *duures* soos fietse en *motorbaaikes* en *computer games*...

Wouter: En, *playstations* en *ipods*...

Stoffel: En *skylectrick* karre en treintjies wat self ry...

Wouter: En robots wat self kan loop en kameras.

Stoffel: Ja. Ek *wonner* wat die *kinners* nog sal wil hê?

Wouter: Kom ons vra hulle. Maats, watter *persente* wil julle graag hê?

Stoffel: Ja, en onthou dit moet reuse groot *persente* wees.

(Maats noem *persente* waarvan hulle hou.)

Frans: ***Wouter, Stoffel jammer om julle te onderbreek maar ons is besig met `n Kersdiens en ons moet nou sing.***

Stoffel: Goed goed oom Frans, wat sing ons? *Jingle bells*?

Frans: ***Nee ons sing .....***

(Gemeente sing.)

Stoffel: Oohhh! Dit was lekker!!!

Wouter: Ja, maar nou moet ons verder beplan aan ons Kerspartytjie.

Stoffel: Ja! Ja! Ons moenie vergeet om `n vader *Kers Mis* te hê nie.

Wouter: Stoffel, jy bedoel seker `n vader Kersfees.

Stoffel: Ja, `n vader *Kers Mis*, met `n rooi hoed en `n wit baard.

Wouter: En `n groot sak vol *persente*!!!

Stoffel: Ja! Skryf jy nog neer Wouter?

Wouter: Goed ek het dit. Wat nog?

Stoffel: Wat van Paaseiers. Reuse groot tjoklit paaseiers!

Wouter: Nee, Stoffel dis `n Kerspartytjie ons kan nie Paaseiers hê nie.

Stoffel: Maar ek hou van Paaseiers. Groot tjoklit Paaseiers en van Paashase en *hotcross buns*.

Wouter: Nee, Stoffel dit eet mens net Paasfees.

Stoffel: Paasfees? Wat is dit nou weer... ek het bietjie vergeet van Paasfees.

Wouter: Maats, weet julle wat is Paasfees. Sê tog vir Stoffel.... Dis reg ja. Paasfees herdenk Jesus se kruisiging. Maar wat kan ons nog alles by ons Kerfeespartytjie hê?

Stoffel: Wat van klappers?

Wouter: Ja, reuse groot *big bang* klappers!!

Stoffel: Dis `n goeie idee dan kan ons klappers en vuurpyle skiet.

Wouter: Wat dink julle maats? Moet ons groot klappers en vuurwerke hê by ons Kersfeespartytjie? ... Nie?

Stoffel: Hoekom nie?

Frans: ***Want dis nie Guy Fox nie.***

Stoffel: Wat se jakkals?

Wouter: Guy Fox Stoffel, dis wanneer die mense klappers skiet.

Stoffel: O ja, ... maar ek dink nie dis `n goeie idee nie, want net nou skrik die arme diere hulle dood.

Wouter: Ja kom ons los liewer die klappers. Oom Frans kan ons weer `n liedjie sing terwyl ons dink wat ons nog alles op ons partytjie kan hê.

Stoffel: Ja, kom ons sing *Roedolf the red nose rain deer*!

Frans: ***Nee, Stoffel Roedolf the red nose rain deer is nie `n kerkliedjie nie, kom ons sing liewer.....***

Wouter: Jippieeeee! Hoera dit was lekker.

Stoffel: Ja, Wouter maar terwyl ons so gesing het , het ek gedink ons het nog niks kos vir ons Kersfeespartytjie nie.

Wouter: Hoe het ..... jou aan kos laat dink Stoffel?

Stoffel: Ek dink altyd aan kos.

Wouter: Dis ook weer waar, maar jy's reg. Ons moet kos hê.

Stoffel: Ja, baie heerlike lekker kos. *Hoennervleis* en skaapvleis en beesvleis...

Wouter: En lekkers en koeldrank en *chips...*

Stoffel: En *poerring!*

Wouter: *Poerring?*

Stoffel: Ja *poerring*, vir as ons klaar ons kos ge-eet het.

Wouter: Dis nie *poerring* nie Stoffel, dis nagereg.

Stoffel: Na...ge...reg? O nou sien ek want mens eet dit na die kos. Dis nogal slim.

Wouter: Ja. In Engels noem hulle dit *puding*.

(Wysneus op)

Wysneus: Het ek die woord poeding gehoor? Ek is nou sommer lekker honger.

Stoffel: Hallo Wysneus. Ja, ons gaan *poerring* maak vir ons partytjie.

Wysneus: Partytjie, wat se partytjie?

Wouter: Ons Kerspartytjie. Ons maak `n lys van alles wat ons by ons Kersfees-partytjie moet hê.

Wysneus: Dit klink lekker. Wat het julle alles op julle lys?

Wouter: Eehh... Hier lees sommer self.

Wysneus: Nee gaats Wouter, jy't te lelik geskryf ek kan nie uitmaak wat hier staan nie. Maats weet julle wat Wouter en Stoffel alles by hulle Kersfees-partytjie wil hê?

(Kinders, Wouter en Stoffel noem: Die *persente* en kos.)

Wysneus: Is dit al?

Wouter: Ja, is dit dan nie genoeg nie?

Stoffel: Onthou dit is reuse groot *persente* en baie, baie kos.

Wysneus: Julle het die belangrikste vergeet?

Stoffel: Ag nee, wat is dit?

Wouter: Ja wat?

Wysneus: Maats weet julle? (Gee kans vir reaksie.) Ja Wouter en Stoffel het vir Jesus vergeet.

Wouter en Stoffel: Jesus van die Bybel?

Wysneus: Ja. Die Seun van God.

Stoffel: Maar hoekom moet Hy by die partytjie wees, dis dan Kersfees?

Wysneus: Wel Kersfees is Jesus se verjaarsdag.

Stoffel: Sy verjaarsdag?

Wysneus: Ja en dit lyk my julle het net gedink aan alles wat vir julle lekker is en skoon vergeet dat Kersfees nie oor duur en groot *persente* en lekker kos gaan nie, maar oor Jesus.

Wouter: Nou voel ek sommer baie sleg, dat ons vir Jesus vergeet het

Stoffel: Ja ek *ok*, en dis al die tyd Sy partytjie.

Wouter: Maar wat kan ons vir Jesus gee as `n geskenk vir Sy verjaarsdag?

Stoffel: Eeuuuhhh...?

Wouter: Eeuuhh...?

Wysneus: Maats wat dink julle? (Gee kans dat die kinders reageer.) Ja, dis reg en die grootste geskenk wat ons vir Jesus kan gee, is onsself. Want Hy het Homself aan die kruis vir ons gegee.

Stoffel: Maar hoe doen `n mens dit?

Wouter: Ja hoe gee mens jou lewe vir Jesus?

Wysneus: Jy bid en vra Hom om jou sonde te vergewe en jou Sy kind te maak en dan doen jy wat Jesus vir ons in die Bybel leer om te doen.

Wouter: Soos om gehoorsaam te wees?

Stoffel: En ander mense te help?

Wysneus: Ja. Ja presies!

Wysneus: Wouter, ek dink ons moet die groot Kersfeespartytjie liewer los en dan vat ons die geld en koop kos vir die honger kinders op die straat.

Wouter: Ja, en miskien kan ons vir hulle koekies en koeldrank ook gee.

Wysneus: Dis `n briljante idee, julle twee.

Stoffel: Haai ek is nou so opgewonde ek wil sommer net sing en dans.

Wouter: Ja, oom Frans kan ons nie nog `n paar liedjies sing nie *seblief*?

(Geskryf deur Danie Matthee)